CONTENTS • INHOUD

No.		Page No.	Gazette No.
	ALGEMENE KENNISGEWINGS		
25	Wet op Plaaslike Regeling: Munisipale Stelsels (32/2000): Namakwa Distriksmunisipaliteit: Verordening insake Kredietbeheer en Skuldinvorderingsbeleid	3	**1111**
26	do.: do.: Tariefbeleidverordening.....	19	1111

ALGEMENE KENNISGEWINGS

KENNISGEWING 25 VAN 2007

NAMAKWA DISTRIKSMUNISIPALITEIT

VERORDENING INSAKE KREDIETBEHEER EN SKULDINVORDERINGSBELEID

Om gevolg te gee aan die munisipaliteit se kredietbeheer- en skuldinvorderings-beleid en die implementering en uitvoering daarvan, soos vereis ingevolge artikel 98 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Nr. 32 van 2000 en om gevolg te gee aan die verpligting ingevolge artikel 96 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels. Nr. 32 van 2000 om aile gelde in te vorder wat aan die munisipaliteit verskuldig en betaalbaar is.

INDELING VAN ARTIKELS

1. Woordbepaling
2. Oogmerk
3. Dienslewering
4. Diensooreenkoms
5. Heffings vir dienste en belasting
6. Deposito's
7. Renteheffings
8. Verantwoordelikheid vir skuldinvordering
9. Ooreenkoms om agterstallige skuld te betaal
10. Beperking of staking van dienslewering
11. Kosteverhaling
12. Konsolidasie en krediterlng van rekeninge
13. Beslaglegging
14. Betalings
15. Hulpbehoewendes
16. Wysiging van beleid
17. Delegasie
18. Strafbepaling

1. WOORDBEPALING

Tensy onbestaanbaar met die sinsverband beteken-

"belasbare eiendom" eiendom waarop die munisipaliteit n belasting ingevolge die bepalings van die Eiendomsbelastingswet kan hef.

"belastings" 'n munisipale belasting op belasbare eiendom;

"belastingsbeleidverordening" die munisipaliteit se belastings-beleidverordening, gepubliseer in die Provinsiale Koerant;

"beleid" die munisipaliteit se beleid insake kredietbeheer en skuldinvordering. uiteengesit in die bylae van hierdie verordening;

"burgemeester" die uitvoerende burgemeester van die munislpaliteit;

"diens" enige munisipale diens soos omskryf in die Stelselswet en enige ander diens wat die munisipaliteit lewer soos uiteengesit in die beleid;

"distrik bestuursgebied" die gebied bekend as Zwartskop, wat ingevolge artikel 6 van die Strukture Wet deur die munisipaliteit aileen bestuur word;

"Elendomsbelastingwet" die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting, Wet Nr 6 van 2004;

"gebruiker" 'n persoon wat aansoek gedoen het en 'n ooreenkoms met die munisipaliteit gesluit het vir die lewering van 'n diens deur die munisipaliteit of enige ander persoon wat ingevolge enige ander verordening van die munisipaliteit aanspreeklik is vir die betaling van 'n diens;

"gemeenskapsdiens" die lewering van water en sanitasiedienste aan die gemeenskap van die distrik bestuursgebied as 'n geheel;

"hulpbehoewende" 'n skuldenaar wat dit nie kan bekostig om vir die lewering van basiese dienste of belasting te betaal nie;

"Finansiile Bestuurswet" die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Nr 56 van 2003;

"munisipale bestuurder" die persoon wat deur die raad ingevolge die Strukturewet aangestel is;

"munisipaliteit" die Namakwa Distriksmunisipaliteit;

"raad" die munisipale raad van die munisipaliteit;

"skuld" enige geld wat aan die munisipaliteit verskuldig is vir die lewering van 'n diens en enige ander gelde aan die munisipaliteit verskuldig;

"skuldenaar" einige persoon wat geld aan die munisipaliteit verskuldig is;

"skuldooreenkoms" 'n skriftelike ooreenkoms tussen die munisipale bestuurder en 'n skuldenaar ingevolge waarvan 'n skuldenaar toegelaat word om voorwaardelik agterstallige skuld te vereffen;

"Stelselswet" die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000);

"Strukturewet" die Wet op Plaaslike Regeling: Munisipale Strukture. 199B (Wet 117 van 1998);

"tariefbeleidverordening" die munisipaliteit se tariefbeleid-verordening, gepubliseer in die Provinsiale Koerant;

"vervaldatum" by gebrek aan enige uitdruklike ooreenkoms en ten opsigte van-

(a) belastings, behalwe belastings wat afbetaal word, die eerste dag van Julie van die finansiele jaar waarvoor sodanige belasting bepaal is, en

(b) enige diens en belastings wat afbetaal word, die datum wat op die rekening aangedui word en deur die munisipale bestuurder bepaal is as die laaste datum waarop die rekening betaal kan word;

"voorafbetaalmeter" 'n meter wat programmeer kan word om teen voorafbetaling die vloei van hoeveelhede energie in 'n elektliese stroomkring toe te laat;

2. OOGMERK

Die doel van die kredietbeheer- en skuldinvorderingsmeganismes en-prosedures in hierdie verordening is om te verseker dat aile gelde wat aan die munisipaliteit verskuldig en betaalbaar is, insluitende die volgende, gevorder word-

(a) gelde, kostes of tariewe ten opsigte van enige diens;

(b) belasting;

(c) diverse gelde, kostes of tariewe; en

(d) kostes en rente op enige uitstaande bedrag

3. DIENSLEWERING

(1) Behalwe in die geval van 'n gemeenskapsdiens moet enige persoon wat van 'n diens gebruik wil maak daarom aansoek doen,

(2) 'n Aansoek vir 'n diens moet by die munisipaliteit gedoen word ingevolge die bepalings van die betrokke verordening wat die verlangde diens reguleer of ingevolge hierdie beleid indien die betrokke verordening nie so 'n bepaling bevat nie.

4. DIENSOOREENKOMS

(1) Tensy anders bepaal in 'n verordening beoog in artikel 3(2), of enige ander toepaslike wetgewing, moet 'n persoon wie se aansoek om 'n diens goedgekeur is met die murisipaliteit 'n ooreenkoms aangaan vir die lewering van sodanige diens.

(2) Tensy anders bepaal in 'n verordening beoog in artikel 3(2), mag die munisipale bestuurder 'n ooreenkoms namens die munisipaliteit aangaan met die persoon wat 'n diens verlang.

(3) Behalwe waar anders bepaal in hierdie verordening, mag geen diens gelewer word totdat 'n ooreenkoms tussen die munisipaliteit en die gebruiker aangegaan is nie.

5. KOSTES VIR DIENSTE EN BELASTING

(1) Aile gelde, kostes of tariewe betaalbaar ten opsigte van dienste, insluitend, maar nie beperk nie, tot die betaling van aansluitingskostes, vaste kostes, of enige bykomende kostes en rente op uitstaande bedrae, word deur die raad bepaal in ooreenstemming met -

(a) artikel 75A van die Stelselswet; en

(b) die munisipaliteit se tariefbeleidverordening.

(2) Die belasting betaalbaar deur die eienaar van belasbare eiendom en rente op uitstaande bedrae, word deur die raad bepaal in ooreenstemming met -

(a) hoofstuk 2 van die Eiendomsbelastingwet, en

(b) die munisipaliteit se belastingsbeleidverordening.

6. DEPOSITO'S

(1) Deposito's is slegs betaalbaar in die geval van water- en elekrisiteltsdienste; met dien verstande dat geen deposito betaalbaar is nie indien 'n voorafbetaalmeter vir die besondere diens installeer is.

(2) Deposito's is betaalbaar vir die leweling van nuwe dienste of die heraansluiting van dienste.

(3) Die munisipale bestuurder bepaal die bedrag van deposito's vir die verskillende kategorie verbruikers..

(4) Die munisipale bestuurderkan die bedrag van enige bestaande deposito aanpas, soos bepaal in die beleid.

(5) Geen deposito's is betaalbaar ten opsigte van 'n gemeenskapsdiens.

7. RENTEHEFFINGS

Die munisipale bestuurder moet rente, soos bepaal deur die raad ingevolge artikel 5, hef en vorder ten opsigte van enige agterstallige skuld, soos uiteengesit in die beleid.

8. SKULDINVORDERINGSVERANTWOORDELIKHEID

(1) Die munisipale bestuurder moet aile gelde wat aan die munisipaliteit verskuldig en betaalbaar is, in ooreenstemming met die Stelselswet, die Eiendomsbelastingwet, hierdie verordening en ander toepaslike wetgewing, invorder.

(2) Geen afwyking van die beleid is toelaatbaar sonder dat die beleid gewysig word nie

9. OOREENKOMS OM AGTERSTALLIGE SKULD TE BETAAL

(1) Die munisipale bestuurder mag in ooreenstemming met die bepalings van die beleid, 'n skuldooreenkoms met 'n skuldenaar aangaan.

(2) 'n Skuldenaar wat weier om ten opsigte van enige agterstallige skuld 'n skuldooreenkoms aan te gaan, word hanteer volgens die voorskrifte van die beleid.

(3) Indien 'n dispuut ontstaan oor die bedrag van die agterstallige skuld, moet die skuldenaar, tot tyd en wyl die dispuut uit die weg geruim is, steeds voortgaan om gereelde betalings ingevolge die skuldooreenkoms te maak.

10. BEPERKING OF STAKING VAN DIENSLEWERING

(1) Die munisipale bestuurder kan die voorsiening van water, gas of elektlisiteit beperk of afsny, of die voorsiening van enige ander diens aan die perseel van .n gebruiker staak, wanneer sodanige gebruiker-

(a) versuim om betaling op die vervaldatum te maak;

(b) versuim om aan 'n skuldooreenkoms te voldoen;

(c) 'n diens wat beperk of afgesny is, sonder magtiging heraansluit;

(d) peuter met of 'n diens of 'n meter omseil; of

(c) versuim om te voldoen aan 'n voorwaarde van dienslewering wat deur die munisipaliteit opgelê is.

(2) Die munisipale bestuurder kan enige diens wat beperk of gestaak is heraansluit en die voorsieningsvlakke herstel, alleenlik -

(a) nadat die agterstallige skuld, insluitend die koste vir staking en heraansluiting, indien enige, ten volle betaal en aan enige ander voorwaarde van die munisipaliteit voldoen is; of

(b) nadat 'n skuldooreenkoms met die skuldenaar aangegaan is.

(3) Die munisipale bestuurder kan enige diens beperk of staak in die geval van enige agterstallige skuld.

11. KOSTEVERHALING

Die munisipale bestuurder mag die volgende koste wat deur of namens die munisipaliteit aangegaan is, verhaal-

(a) werklike onkoste en adminstrasiegelde waar betalings aan die munisipaliteit deur middel van verhandelbare instrumente deur banke dishonoreer is toe dit vir betaling aangebied is;

(b) regs- en administrasiekostes, insluitende prokureur-en-ktientkoste, rente op agterstallige bedrae, invorderings-kommissie en opsporingsgelde wat aangegaan is vir die verhaling van skuld;

(c) die werklike koste wat aangegaan is vir enige optrede om betaling van die gebruiker te versoek of om die gebruiker per telefoon, faks, e-pos, brief of ander wyse aan te maan;

(d) afsny- en heraansluitingsfooie, waar enige diens gestaak is as gevolg van die nie-nakoming van hierdie verordening, en

(e) enige verliese wat die munisipaliteit mag ly as gevolg van peutering met munisipale toerusting of meters.

12. KONSOLIDASIE EN KREDITERING VAN REKENINGE

Die munisipale bestuurder kan-

(a) die afsonderlike rekeninge van 'n skuldenaar konsolideer, en

(b) 'n betaling wat deur so'n skuldenaar gemaak is, teen enige rekening van so 'n skuldenaar krediteer; en

(c) enige betaling van 'n gebruiker eerstens toewys aan die kostes gemeld in artikel 9, daarna aan enige rente wat opgeloop het, en daarna aan die uitstaande bedrag.

13. BESLAGLEGGING

(1) Die munisipale bestuurdar kan, ten einde skuld in te vorder en, as 'n laaste uitweg, by 'n bevoegde hof aansoek doen om beslag te lê op die eiendom van 'n skuldenaar.

(2) Die munsipale bestuurder kan by On hof aansoek doen om 'n bevel om op enige huurgeld wat ten opsigte van enige belasbare eiendom betaalbaar is, beslag te lê, vir die gedeeltelike of volledige verhaling van eiendomsbelasting wat vir meer as drie maande na die vervaldatum uitstaande is.

14. BETALINGS

(1) Enige bedrag aangebied vir die delging van skuld word aanvaar by enige kontantkantoor van die munisipaliteit.

(2) 'n Aanbod as synde volle en finale vereffening van skuld, wat minder is as die uitstaande bedrag, word teen die skuldenaar se rekening. gekrediteer sonder aanvaarding van die aanbod.

15. HULPBEHOEWENDES

'n Skuldenaar wat huJpbehoewendheid kan bewys, word behandel soos in die beleid uiteengesit.

16. WYSIGING VAN BELEID

(1) Die burgemeester moet tydens die opstel van die jaarlikse begroting die proses om die beleid te wysig, indien nodig, ingevolge die Flnanslele Bestuurswet ko-ordineer.

(2) Enige wysiging aan die beleid moet goedgekeur word wanneer die die jaarlikse begroting ingevolge die Finansiële Bestuurswet oorweeg word en moet as 'n wysiging tot hierdie verordening gepubliseer word.

17. DELEGASIE

Die munisipale bestuurder mag enige bevoegdheid of plig wat ingevolge die bepalings van hierdie verordening aan die munisipale bestuurder toegeken is, skriftelik aan 'n amptenaar van die munisipaliteit delegeer.

18, STRAFBEPALING

Enige persoon wat-

(a) die munisipale bestuurder of 'n amptenaar van die munisipaliteit in die uitvoering van sy of haar pligte ingevolge hierdie verordening weerstaan of hinder;

(b) met die munisipaliteit se toerusting of die verbruik van dienste inmeng;

(c) met die munisipaliteit se toerusting peuter of enige seël op 'n meter breek;

(d) die bepalings van hierdie verordening of die beleid oortree of nalaat om daaraan te voldoen, of

(e) nalaat om aan 'n kennisgewing wat ingevolge hierdie verordening uitgereik is, te voldoen,

is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete.

BYLAE

INDELING VAN ITEMS

Deel1; Streekdiensteheffings

1. Woordbepaling
2. Heffings
3. Wanneer verskuldig en betaalbaar
4. Versuim om te betaal
5. Verkeerde betalings
6. Versuim om opgawe In te dien
7. Rente
8. Maatreëls om heffings te in
9. Toewysing van betalings

Deel 2: Belasting

9. Wanneer verskuldig en betaalbaar
10. Aanspreeklikheid vir betaling
11. Jaarlikse betaling
12. Betaling in paaiemente
13. Rekeninge

Deel 3: Dienste

14. Wanneer verskuldig en betaalbaar
15. Aanspreeklikheid vir betaling
16. Rekeninge
17. Wanbetaling
18. Skuldooreenkoms
19. Ooreenkomste met werkgewers .
20. Beperking op of afsny van voorsiening van dienste
21. Onwettige heraansluiting
22. Peutering
23. Voorafbetaalde dienste
24. Deposito's
25. Rente

Deel 4: Ander skuld

26. Toepasslng
27. Diverse
28. Huurooreenkomste: onroerende eiendom

Deel 5: Armoedeverligting

29. Bepaling van verligting
30. Aansoek om verligting

Deel 6: Navrae, klagtes en appelle

31. Navrae en klagtes oor rekenlnge
32. Appelle

DEEL 1: STREEKSDIENSTEHEFFING

1. Woordbepaling

In hierdie deel, tensy onbestaanbaar met die sinsverband, beteken:-

"SDR wet" die Wet op Streeksdiensterade, Wet 109 van 1985 en sluit dit in 'n regulasie wat deur die Minister van Finansies daaringevolge gemaak is;

"vervaldatum" die twintigste dag van elke kalendermaand; en

"heffIngpligtige" 'n persoon wat aanspreeklik is vir die betaling van 'n streeksdiensteheffing of 'n streeks-vestigingsheffing.

"SAID" die Suid-Afrikaanse Inkomstediens.

2. Heffings

Die Raad hef en vereis ingevolge die bepalings van die SDR wet-

(a) 'n streeksdiensteheffing van etke werkgewer wat in sy streek werknemers in diens het of geag word werknemers in diens te hê en elke parsoon wat in sy streek 'n onderneming bedryf of geag word 'n onderneming te bedryf soos beoog deur die SDR wet, en

(b) 'n streeks-vestigingshefting van elke persoon wat in sy streek 'n onderneming bedryf of geag word 'n ondememing te bedryf.

3. Wanneer verskuldig en betaalbaar

'n Heffingpligtige moet op of voor die vervaldatum die heffing betaal waarvoor daardie heftingpligtige aanspreeklik is, met dien verstande dat in die geval van heftingsbetalers in landelike gebiede, sodanige vervaldatum geag moet word as 20 dae na die einde van die finansiele jaar.

4. Versuim om te betaal

Waar 'n heftingpligtige versuim het om enige hefting teen die vervaldatum te betaal, moet die munisipale bestuurder so 'n heffingpligtige skriftelik versoek om die uitstaande bedrag binne 14 te vereffen en daama voortgaan om sodanige uitstaande hefting te verhaal.

5. Verkeerde betalings

(1) As daar gevind word dat die bedrag wat die heffingpligtige betaal het, verkeerd is, moet die munisipale bestuurder òf die saldo terugbetaal òf die onderbetaalde bedrag verhaa!.

(2) As die munisipale bestuurder vermoed dat die heffingpligtige nie die hefting waarvoor hy of sy aanspreeklik is ten volle betaal het nie, kan hy of sy die aangeleentheid na die SAID verwys vir sodanige optrede as wat nodig geag word.

6. Versuim om opgawe in te dien

(1) As 'n heffingpligtige versuim om "n opgawe soos vereis ingevolge die SDR wet in te dien, moet die munisipale bestuurder-

(a) by kennisgewing die heffingpligtige daaraan herinner om die opgawe binne 14 dae in te dien, en
(b) die heffingpligtige 'n finale kennisgewing gee om die opgawe binne 14 dae in te dien.

(2) As 'n heffingpligtige versuim om 'n opgawe in te dien-

(a) kan die munisipale bestuurder 'n skatting maak van die bedrag van die heffing wat na sy of haar mening betaalbaar is;

(b) kan die munisipale bestuurder 'n skatting maak van die bedrag van die onbetaalde deel van die heffing;

(c) moet die munisipale bestuurder die heffingpligtige in kennis stel van die skaUing, en

(d) moet die munisipale bestuurder die heffing wat so geskat is, van die heffingpligtige verhaal.

7. Rente

(1) Indien 'n heffingpligtige versuim om so 'n heffing op die vervaldatum te betaal, sal die rente wat deur daardie persoon op die uitstaande belans van die heffing betaal moet word, bereken word met ingang vanaf die vervaldatum.

(2) Rente sal gehef word op alle uitstaande rekenings teen dieselfde koers as die koers wat van tyd tot tyd bepaal word vir die doeleindes van paragraaf (b) van die woordbepaling van ·voorgeskrewe koers" in artikel 1 van die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet nr 58 van 1962).

8. Maatreels om heffings te in

(1) Die munisipale bestuurder kan enige van die volgende maatreels instel om enige heffing of uitstaande heffing te vehaal-

(a) goedkeuring dat die heffingpligtige heffings in paaiemente betaal;
(b) gebruik van 'n derde party invorderingsagentskap;
(c) uitreiking van 'n siviele dagvaardiging, of
(d) instel van strafregtelike stappe soos beoog deur die SDR wet.

(2) 'n Heffingpligtige wat wat nie die volle heffing waarvoor die heffingpligtige aanspreeklik is, kan betaal nie, kan die munisipale bestuurder versoek om die bedrag in maandelikse paaiemente af te betaal; met dien verstande dat

nie meer as drie paaiemente toegelaat word waar die bedrag minder as R2500 is nie en nie meer as 6 paaiemente toegelaat word waar die bedrag meer as R2500 is nie; met die verdere voorbehoud dat die lopende maandelikse heffing ook betaal word.

(3) Die munisipale bestuurder moet 'n ooreenkoms met 'n heffingpligtige waama in sub-item (12) verwys word, aangaan en moet, in die geval van nie-nakoming van die ooreenkoms, die volle uitstaande bedrag onmiddellik verhaa!.

9. Toewysing van betalings

Betalings deur 'n heffingpligtige sal in die volgende volgorde toegewys word:

(a) regskoste aangegaan;
(b) rente;
(c) vestigingsheffings;
(d) diensteheffings.

DEEL 2: BELASTING

9. WANNEER VERSKULDIG EN BETAALBAAR

Aile belastings wat aanqeslaan word ten opsigte van 'n belasting wat deur die raad bepaal is, word verskuldig en betaalbaar op die vervaldatum vir sodanige belasting; met dien verstande dat enige belastings wat aangeslaan is ten opsigte van onroerende eiendom wat belasbaar geword het na die vervaldatum, verskuldig en betaalbaar sal word op die datum waarop die aanslag daarvan op die eienaar gedien word.

10. AANSPREEKLIKHEID VIR BETALING

Die eienaar van belasbare eiendom is op die vervaldatum in die finansiele *jaar* waarvoor die belastingkoers vasgestel word, verantwoordelik vir die betaling van aile belastings wat daarvolgens opgele word; met dien verstande dat in die geval van eiendom wat belasbaar word na die vervaldatum, die eienaar verantwoordelik sal wees vir die betaling van sodanige belastings op die datum waarop dit belasbaar word.

11. JAARLIKSE BETALING

(1) Indien enige belasting, behalwe belasting wat in paaiemente afbetaal word, onbetaald bly na 'n tydperk van drie maande vanaf die datum waarop die belastings verskuldig en betaalbaar geword het, word rente daarop gehef vanaf die dag wat volg op die datum waarop die tydperk verstryk.

(2) Indien enige belasting, behalwe belasting wat in paaiemente afbetaal word, onbetaald bly vir 'n tydperk van drie maande nadat sodanige belasting verskuldig en betaalbaar geword het, moet die munisipale bestuurder-

(a) betaling van die bedrag wat verskuldig en betaalbaar is binne 'n tydperk van veertien dae vereis, en

(b) indien die belastings na afloop van die gemelde tydperk van veertien dae steeds onbetaald is, regstappe instel vir die verhaling daarvan.

12. 8etaling in paaiemente

(1) 'n Eienaar van belasbare eiendom kan aile belastings ten opsigte van sodanige eiendom in paaiemente afbetaal. 8etaling geskied dan in twaalf gelyke paaiemente wat verskuldig en betaalbaar is op die laaste dag van elke maand, vanaf die maand waann die betrokke vervaldatum va!.

(2) Indien enige paaiemente waarna in subitem (1) verwys word, onbetaald bly na die sewende dag van die maand wat direk volg op die maand waarop so 'n paaiement verskuldig en betaalbaar is, moet die munisipale bestuurder -

(a) rente daarop hef en verhaal vanaf die dag wat volg na afloop van die sewe dae tydperk vir elke maand wat so 'n paaiement onbetaald bly, en

(b) indien, gedurende enige flnansiele jaar, nie minder as drie paaiemente, agtereenvolgend al dan nie, onbetaald bly of agterstallig betaal word, die eienaar se reg om belasting in paaiemente te betaal, herroep.

(3) Indien belastings wat in paaiemente afbetaal word nie ten volle vereffen is nie na verstryking van twaalf maande vanaf die datum waarop die belastings verskuldig en betaalbaar geword het, moet die munisipale bestuurder-

(a) betaling van die bedrag wat verskuldig en betaalbaar is, binne 'n tydperk van veertien dae vereis, en

(b) indien daar na afloop van die gemelde tydperk van veertien dae, die belastings steeds onbetaald is, regstappe instel vir die verhaling daarvan.

13. REKENINGE

(1) 'n Rekening vir belastings, behalwe belastings wat in paaiemente afbetaal word, sal gedurende die eerste maand van die finansiële jaar aan die eienaar van belasbare eiendom gestuur word.

(2) "n Rekening vir belastings wat in paaiemente afbetaal word, sal maandeliks aan die eienaar van belasbare eiendom gestuur word.

DEEL 3: DIENSTE

14. WANNEER VERSKULDIG EN BETAALBAAR

Aile gelde vir dienste, behalwe gemeenskapsdienste, wat die munisipaliteit lewer, is verskuldig en betaalbaar deur die gebruiker op die vervaldatum.

15. AANSPREEKLIKHEID VIR BETALING

Die gebruiker van 'n diens, behalwe 'n gemeenskapsdiens, moet op die vervaldatum vir sodanige diens betaa!.

16. REKENINGE

'n Rekening sal maandeliks aan die gebruiker van dienste gestuur word.

17. WANBETALING

(1) Indien 'n rekening vir enige diens steeds onbetaald is op die datum waarop sulke dienste verskuldig en betaalbaar word, moet die munisipale bestuurder rente daarop hef.

(2) Indien 'n rekening vir enige diens, na 'n tydsverloop van drie maande vanaf die datum waarop so 'n rekening verskuldig en betaalbaar word steeds onbetaald is, moet die munisipale bestuurder -

(a) vereis dat betaling vir die bedrag wat verskuldig en betaalbaar is binne 'n tydsverloop van veertien dae geskied, en

(b) die skuldenaar die geleentheid bied om 'n skuldooreenkoms ingevolge item 10 aan te gaan.

(3) Indien die skuldenaar ongeneë is om 'n skuldooreenkoms aan te gaan, of indien die skuldenaar met wie 'n skuldooreenkoms aangegaan is, nalaat om drie paaiemente, hetsy agtereenvolgens al dan nie, te vereffen, moet die munisipale bestuurder versoek dat die bedrag wat verskuldig en betaalbaar is, binne veertien dae vereffen word en kan die munisipale bestuurder-

(a) 'n ooreenkoms aangaan met die skuldenaar se werkgewer ingevolge die bepalings van item 11, of

(b) voorsiening van die dienste beperk of afsny.

(4) Indien 'n ooreenkoms met die skuldenaar se werkgewer nie getref kan word nie, en die skuldenaar nie hulpbehoewendheid kan bewys nie, moet die munisipale bestuurder regstappe instel om die skuld te verhaal.

18. SKULDOOREENKOMS

(1) 'n Skuldenaar kan die munisipale bestuurder skriftelik versoek om -

(a) die tydperk waarbinne 'n uitstaande bedrag vir dienste vereffen moet word, te verleng, of

(b) die uitstaande skuld in paaiemente terug te betaa\.

(2) Indien die munisipale bestuurder die skuldenaar se versoek goedkeur moet 'n skriftelike ooreenkoms tussen die munisipaliteit en die skuldenaar aangegaan word vir-

(a) die verlenging van die tydperk waarbinne 'n uitstaande bedrag vir dienste vereffen moet word, wat nie langer as drie maande mag wees nie, of

(b) die betaling van die uitstaande balans in gereelde en agtereenvolgende maandelikse paaiemente, asook die koste en rente in verband daarmee; met dien verstande dat 'n enkele paaiement nie minder mag wees as die gemiddelde maandelikse hefting vir die betrokke diens oor die voorafgaande ses maande nie.

(3) 'n Skuldooreenkoms mag slegs met 'n skuldenaar wat in diens is, aangegaan word indien so 'n skuldenaar 'n aftrekorder teken wat voorsiening maak vir 'n aftrekking van sylhaar salaris vir agterstallige skuld asook die lopende rekening oor die ooreengekome tydperk.

(4) Die munisipale bestuurder is gemagtig om ooreenkomste met "n skuldenaar aan te gaan soos gemeld in subitem (2),

19. OOREENKOMSTE MET WERKGEWERS

Die munisipale bestuurder kan met die instemming van 'n skuldenaar 'n ooreenkoms aangaan met daardie skutdenaar se werkgewer om van die sataris of loon van daardie skuldenaar-

(a) enige uitstaande bedrae af te trek wat deur daardie skuldenaar aan die munisipaliteit verskuldig is; of

(b) sodanige gereelde maandelikse bedrae af te trek soos ooreengekom mag word.

20. BEPERKING OP OF AFSNY VAN VOORSIENING VAN DIENSTE

(1) Die munisipale bestuurder kan die voorsiening van water of elektrisiteit beperk of afsny of die voorsiening van dienste aan die perseel van 'n gebruiker staak, wanneer ookal die gebruiker nalaat om-

(a) 'n betaling op die vervaldatum te maak;

(b) te voldoen aan die terme en voorwaardes van 'n skuldooreenkoms; of

(c) te voldoen aan 'n voorwaarde wat deur die munisipaliteit gestet is.

(2) Die munisipale bestuurder kan dienste wat beperk of gestaak is ten volle heraansluit en voorsiening herstel, slegs nadat die agterstallige skuld, met inbegrip van enige afsny- of heraansluitingskoste, indien enige, ten volle vereffen is en enige voorwaardes wat deur die munisipaliteit gestel is, nagekom is.

(3) Die munisipale bestuurder kan ten opsigte van agterstallige skuld enige diens te beperk, afsny of staak.

(4) Die bepalings van hierdie item is nie van toepassing op 'n gemeenskapsdiens nie.

21. ONWETTIGE HERAANSLUITING

(1) Die munisipale bestuurder kan 'n gebruiker van aile dienste afsny as die water- of elektriese toevoer, nadat dit ingevolge item 12(1) beperk of afgesny is, onwettig heraangesluit is.

(2) 'n Persoon wat die water- of elektrisiteitstoevoer in die omstandighede bedoel in item 12(1) heraansluit,is aanspreeklik vir die koste van enige verbruik, die koste vir die afsny en/of heraansluiting en aile ander koste wat die munisipaliteit mag aangaan in verband met die afsnyding, afgesien van enige

ander aksies wat die munisipale bestuurder teen sodanige persoon mag neem.

(3) Die munisipale bestuurder mag slegs die toevoer van dienste herstel nadat die bedrae gemeld in subitem (2) ten volle betaal is.

22. PEUTERING

(1) Waar bevind word dat met die water- of elektriese toevoer gepeuter is of 'n meter omseil is, kan die munisipale bestuurder, ondanks die bepalings in die munisipaliteit se verordeninge insake water en elektrisiteit, die betrokke toevoer afsny.

(2) 'n Persoon wat met die water- of elektriese toevoer in die omstandighede bedoel in subitem (1) peuter, is aanspreeklik vir die koste van enige verbruik, die koste vir die afsny en/of heraansluiting en aile ander koste wat die munisipaliteit mag aangaan in verband met die afsnyding, afgesien van enige ander aksies wat die munisipale bestuurder teen sodanige persoon mag neem.

(3) Die munisipale bestuurder mag slegs die toevoer van dienste herstel nadat die bedrae gemeld in subitem (2) ten volle betaal is.

23. VOORAFBETAALDE DIENSTE

Die munisipale bestuurder kan 'n ooreenkoms met die gebruiker van 'n voorafbetaalde diens aangaan om nie meer nie as 50 persent van voorafbetalings vir die afbetaling van enige ander uitstaande skuld van so 'n gebruiker aan te wend.

24. DEPOSITO'S

(1) 'n Gebruiker moet, wanneer aansoek om die verskaffing van 'n diens gedoen word, die vereiste deposito betaal.

(2) Die munisipale bestuurder kan in enige diensooreenkoms, 'n deposito gelykstaande aan ten minste die verwagte maandelikse verbruik van die betrokke diens deur die betrokke gebruiker, van die gebruiker vereis.

(3) Die munisipale bestuurder mag die deposito's vir nuwe handels- en nywerheidsgebruikers, drie maande na die oorspronklike bepaling van die deposito-bedrag, herbepaal en mag as gevolg van so 'n herbepaling vereis dat 'n gebuiker 'n bykomende deposito betaal.

(4) Die munisipale bestuurder kan, nadat dienste aan 'n gebruiker afgesny is en voordat die voorsiening van dienste aan die gebruiker hervat word, enige deposito wat van die gebruiker vereis is vir die voorsiening van 'n diens, na 'n groter bedrag verhoog. Die verhoogde deposito kan vereis word bo en behalwe die aansluitingsfooi.

(5) Die munisipaliteit lewer geen diens alvorens die deposito ten volle betaal is nie.

(6) 'n Deposito word in kontant of per tjek betaal.

(7) Die munisipaliteit betaal nie rente op enige deposito wat gehou word nie.

(8) 'n Deposito is by beeTndiging van die diensooreenkoms aan die gebruiker terugbetaalbaar, tensy die deposito gebruik is ter vereffening van enige uitstaande of agterstallige geld op die gebruiker se rekening. 'n Deposito word verbeur aan die munisipaliteit as dit nie binne twaalf maande na beeTndiging van die diensooreenkoms opgeëis word nie.

25. Rente

Rente, soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal, word vanaf die vervaldatum, op aile uitstaande bedrae wat na die vervaldatum nog verskuldig is, gehef.

DEEL 4: ANDER SKULD

26. Toepassing

"Ander skuld" beteken *enige gelde verskuldig* en *betaalbaar aan die munisipaliteit, vir watter doel ooka/, in verband* met *sy* magte en *pi/gte, maar* met *die uitsluiting van ge/de wat verskuldig* en *betaalbaar is* aan *die munisipaliteit ten ops/gte van eiendomsbe/asting* en *dienste.*

27. Diverse

(1) Rente sal gehef word op aile agterstallige rekenings.

(2) Die munisipale bestuurder kan tydens die verhaling van diverse skuld enige regsaksie instel of van die dienste van 'n derdeparty skuldinvorderaar gebruik maak.

(3) Die munisipale bestuurder kan, in 'n poging om agterstallige rekeninge te verhaal, enige dienste aan 'n gebruiker afsny of staak.

28. Huurooreenkomste: onroerende eiendom

Die prosedure om agterstallige gelde ten opsigte van onroerende eiendom wat deur die raad verhuur word te verhaal, moet in ooreenstemming wees met die bepalings van die betrokke huurooreenkoms.

DEEL 5: ARMOEDE VERLIGTING

29. BEPALING VAN VERLIGTING

(1) Die raad bepaal jaarliks tydens die begrotingsproses die vlakke van verligting vir hulpbehoewende gebruikers en eienaars van eiendom ten opsigte van belasting, dog onderworpe aan die beginsels van volhoubaarheid en bekostigbaarheid

(2) Onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse, gee die raad die volgende verligting-

(a) Gemeenskapsdienste: gratis;

(b) Energie: 'n Bewys van R100,OO per huishouding per maand vir die aankoop van krag, hout, paraffin, ens;

(c) Belasting: 'n maandelikse bedrag vir belasting baseer op die waardasie van die eiendom en/of verbeterings, of 'n maandelikse bedrag soos deur die raad van tyd tot tyd bepaal;

30. AANSOEK OM VERLIGTING

(1) 'n Skuldenaar moet aansoek doen vir arrnoede verligting ten opsigte van belasting op 'n aansoekvorm wat die munisipale bestuurder voorskryf.

(2) 'n Skuldenaar wat kwalifiseer vir armoede verligting moet elke ses maande daarvoor heraansoek doen sodat bepaal kan word of die skuldenaar se finansiele omstandighede verander het. Versuim om hieraan te voldoen sal daartoe lei dat die skuldenaar se status as hulpbehoewende opgeskort word.

DEEL 6: NAVRAE, KLAGTES EN APPELLE

31. NAVRAE EN KLAGTES OOR REKENINGE

(1) 'n Gebruiker mag 'n navraag of klagte rig in verband met die julstheld van 'n bedrag wat vir 'n spesifieke diens verskuldig en betaalbaar is, soos aangedui op die gelewerde rekening.

(2) 'n Navraag of klagte moet voor die vervaldatum vir die betaling van die rekening aan die munisipale bestuurder gerig word.

(3) 'n Navraag of klagte moet 'n betaling insluit van -

(a) 'n bedrag gelykstaande aan die gemiddelde van die vorige drie maande se rekeninge, waar die geskiedenis van die rekening beskikbaar is, of
(b) 'n bedrag deur die munisipale bestuurder beraam voor die vervaldatum vir betaling totdat die aangeleentheid afgehandel is.

Die versuim om so 'n tussentydse betaling te maak, sal die gebruiker blootstel aan die beperking of staking van die dienste wat gelewer word.

(4) Die munisipale bestuurder moet -

(a) 'n navraag of klagte ondersoek; en

(b) die gebruiker binne een maand na ontvangs van 'n navraag of klagte, skriftelik oor sy bevindinge inlig.

32. ApPELLE

'n Gebruiker kan teen 'n beslissing van die munisipale bestuurder appelleer ingevolge artikel 62 van die Stelselswet.

KENNISGEWING 26 VAN 2007

NAMAKWA DISTRIKSMUNISIPALITEIT

TARIEFBELEIDVERORDENING

Om uitvoering te gee aan die instelling en toepassing van die munisipaliteit se tariefbeleid, soos vereis ingevolge artikel 75 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, No. 32 van 2000 en om te voldoen aan sekere voorskrifte van die Wet op Plaaslike Regering:Munisipale Finansiële Bestuur, No. 56 van 2003

AANHEF

Aangesien artikel 4 van die Stelselswet die munisipaliteit die reg verleen om onder andere gelde vir dienste te hef en bobelasting op gelde, eiendomsbelasting en, in die mate deur nasionale wetgewing daartoe gemagtig, ander belastings, heffings en aksyns te hef;

Aangesien artikel 4(2(d) van die Stelselswet die munisipaliteit verplig om daama te streef om te verseker dat munisipale dienste op 'n finansieel en omgewingsvolhoubare wyse aan die plaaslike gemeenskap verskaf word;

Aangesien artikel 4(2)(e) van die Stelselswet die munisipaliteit verplig om die plaaslike gemeenskap te raadpleeg oor die v1ak, kwaliteit, bestek en inslag van munisipale dienste wat deur die munisipaliteit voorsien word, òf direk òf deur middel van 'n ander diensverskaffer;

Aangesien artikel 75A van die Stelsalswet die munisipaliteit die bevoegdheid verleen om gelde, kostes of tariewe te hef en in te vorder ten opsigte van enige funksie of diens van die munisipaliteit;

Aangesien artikel 74 van die Stelselswet vereis dat die raad 'n tariefbeleid aanneem en instel ten opsigte van die hefting van gelde vir munisipale dienste;

Aangeslen 'n tariefbeleid minstens die beginsels vervat in artikeI74(2) van die Stelselswet moet weergee en mag onderskei tussen verskillende kategoriee gebruikers, debiteure, diensverskaffers, dienste, diensstandaarde, geografiese gebiede en ander aangeleenthede solank dit nie neerkom op onbillike diskriminasie nie; en

Aangesien artikel 75 van die Stelselswet vereis die raad 'n verordening moet aanneem om uitvoering te gee aan die implementering en toepassing van sy tariefbeleid.

Inde/lng van Artike/s

1. Woordbepaling
2. Oogmerk
3. Hef van tariewe
4. Be/eid
5. Publieke DeeJname
6. Toepassing

02040000

VE.RORDE.NING

1. WOORDBEPALING

In hierdie verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken:-

"arm huishoudings" huishoudings in die munisipale gebied wat dit nie kan bekostig om òf die volie tariefheffing vir munispale dienste òf 'n deel daarvan te betaal nie;

"beleid" die raad se se tariefbeleid soos vervat in die bylae van hierdie verordening;

"dlens" enige munisipale diens soos omskryf in die Stelselswet en enige ander diens wat die munisipaliteit lewer soos uiteengesit in die beleid;

"Flnanslele Bestuurswet" die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiele Bestuur, Nr. 56 van 2003

"finansiele herstelplan"'n plan soos omskryf in die Finansiele Bestuurswet;

"gebruiker" 'n persoon wat aansoek gedoen het en 'n ooreenkoms met die munisipaliteit gesluit het vir die lewering van 'n diens deur die munisipaliteit of enige ander persoon wat ingevolge enige ander verordening van die munisipaliteit aanspreeklik is vir die betaling van 'n diens;

"hierdie verordening" ook die bylae daartoe;

"kredietbeheerverordenlng" die munisipaliteit se kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleidverordening, gepubliseer in die Provinsiale Koerant;

"munisipaliteit" die Namakwa Distriksmunisipaliteit;

"Raad" die munisipale raad van die rrunisipaliteit;

"Stelselswet" die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000.

"Strukturewet" die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, Wet 117 van 1998;

"Iarier' 'n tarief vir dienste wat 'n munisipaliteit kan vasstel vir die 16wering van 'n diens aan die plaaslike gemeenskap, en ook 'n bo-belasting op sodanige tarief;

2. OOGMERK

Die oogmerk van hierdie verordening is om te verseker dat-

(a) gebruikers van dienste billik behandel word by die toepassing van tariewe;

(b) die tarief vir dienste in die algemeen in verhouding is met die gebruik van daardie diens;

(c) arm huishoudings minstens tot basiese dienste toegang het deur-
(i) tariewe wat bloot bedryfs- en instandhoudingskoste dek;
(ii) spesiale tariewe of lewenslyntariewe vir lae vlakke van gebruik of verbruik van dienste of vir baslese diensvlakke; of

(iii) enige ander regstreekse of onregstreekse metode van subsidiëring van tariewe vir arm huishoudings;

(d) tariewe die koste weerspieel wat redelikerwys met die lewering van die diens in verband gebring word;

(e) tariewe teen vlakke gestel word wat die finansiële volhoubaarheid van die diens fasiliteer;

(f) voorsiening in toepaslike omstandighede gemaak kan word vir 'n bobelasting op die tarief vir 'n diens;

(g) voorsiening gemaak kan word vir die bevordering van plaaslike ekonomiese ontwikkeling deur spesiale tariewe vir kategoriee of kommersisle- en nywerheidsgebruikers;

(h) die ekonomiese, doeltreffende en effektiewe gebruik van hulpbronne, die herwinning van afval, en ander toepaslike omgewingsoogmerke aangemoedig word;

(i) tariewe vir arm huishoudings en ander kategoriee gebruikers subsidieer word; en

(j) uitvoering gegee word aan die implementering en toepassing van die beleid.

3. HEF VAN TARIEWE

(1) Onderworpe aan subartikel (2), hef die raad tariewe wanneer dit die begroting vir 'n begrotingsjaar goedkeur.

(2) Die raad hef tariewe gedurende 'n finansiele jaar slegs wanneer-

(a) 'n nuwe diens ingestel word,

(b) geen tarief vir 'n bestaande diens voorheen gehef is nie, of

(c) dit nodig is om 'n tarief wat reeds gehef is te korrigeer.

(3) Die raad verhoog nie tariewe gedurende 'n finansiele jaar nie, behalwe wanneer 'n verhoging ingevolge 'n flnansiele herstelplan .ingevolge artikel 28(6) van die Flnansiele Bestuurswet vereis word.

(4) Die raad hef tariewe by besluit geneem met 'n ondersteunende stem van die meerderheid van sy lede.

4. BELEID

(1) Die raad hef tariewe in ooreenstemming met die beleid, vervat in die bylae van hierdie verordening.

(2) Onderskeid in die beleid tussen verskillende kategoriee gebruikers, debiteure, diensverskaffers, dienste, diensstandaarde, geografiese gebiede en ander aangeleenthede is noodsaaklik om gevolg te gee aan die oogmerke van hierdie verordening sonder dat dit neerkom op onbillike diskriminasie.

(3) Die burgemeester moet tydens die opstel van die jaarlikse begroting die hersiening van die beleid, indien nodig, koördineer.

(4) Enige wysiging van die beled moet deur die raad goedgekeur word wanneer besluite oor die vasstelling van tariewe vir die begrotingsjaar aanvaar word en moet gepubliseer word as 'n wysiging van hierdie verordening.

5. PUBLIEKE DEELNAME

(1) Sodra die jaarlikse begroting ingevolge artikel 16 van die Flnanslele Bestuurswet in die raad ter tafel gelê is, moet die munisipale bestuurder die konsepbesluite wat enige tariewe vasstel, openbaar maak en-

(a) die plaaslike gemeenskap uitnooi om vertoe in verband daarmee voor te lê en
(b) die jaarlikse begroting aan die Nasionale Tesourie, provinsiale tesourie en ander nasionale of provinsiale staatsorgane en ander munisipaliteite wat ingevolge artikel16 van die Finanslele Bestuurswet vereis mag word.voorle

(2) Die raad moet die sienswyses van die plaaslike gemeenskap en die liggame, bedoel in paragraaf (a) van subartikel (2), wat vertoe oor die begroting gerig het, sowel as die burgemeester se reaksie op die vertoe, oorweeg alvorens dit tariewe vir die begrotingsjaar vasstel.

(3) Die Raad raadpleeg die plaaslike gemeenskap oor strategiese besluite wat betrekking het op die beplanning en verskaffing van dienste en die invloed daarvan op tariewe

6. TOEPASSING

Hierdie verordening geld ook ten opsigte van die hefting van tariewe vir munisipale dienste wat deur middel van diensleweringsooreenkomste, verskaf word, en wat aan die bepalings van Stelselswet en enige ander toepaslike wetgewing voldoen.

BYLAE

Indeling van items

DEEI 1: BEGINSEIS

1. Kostes vir dienste verhaal te word
2. Kostes vir hulpdienste verhaal te word
3. Subsidie
4. Gratis basiese dienste
5. Tariewe koste-doeltreffend te wees
6. Volledige gebruik van inkomstebronne
7. Gebruiker te betaal vir dienste
8. Surplusse
9. Kategorie van gebruikers
10. Rekeninge en optrede in gevalle van wanbetaling

DEEI 2: EIEKTRISITEIT

11. Basiese koste
12. Tariewe
13 Gratis basiese dienste

DEEL 3: *WATER*

14. Basiese koste
15. Tariewe
16. Gratis basiese dienste

DEEL 4: *SANITASIE*

17. Basiese koste
18. Tariewe
19. Gratis basiese dienste

DEEL 5: *VULLISVERWYDERING*

20. Basiese koste
21. Tariewe
22. Gratis basiese dienste

BELEID

DEEL 1: *BEGINSELS*

1. KOSTES VIR DIENSTE VERHAAI TE WORD

Gelde, kostes of tariewe vir die volgende dienste, indien gelewer, word baseer op die verhaling van koste vir die lewering van die dienste-

(a) elektrisiteit;

(b) water;

(c) sanitasie; en

(d) vullisverwydering.

2. KOSTES VIR HULPDIENSTE VERHAAL TE WORD

(1) Gelde, kostes of tariewe vir hulpdienste word baseer op die verhaling van koste vir die lewering van die dienste

(2) Hulpdienste is daardie dienste wat redelikerwys nodig is vir, of bykomstig is tot, die effektiewe verrigting van rnunislpale dienste.

(3) Hulpdienste sluit die volgende in, maar is nie beperk nie tot -

(a) die oorweging van 'n aansoek;

(b) die uitreiking van 'n sertifikaat, voorskrif, goedkeuring, toestemming deur die munisipaliteit;

(c) die vervaardiging of instalering van 'n item of werke deur die munisipaliteit;

(d) die gebruik van 'n munisipale amptenaar se dienste;

(e) huur van munisipale toerusting; en

(f) die gebruik van munisipale infrastruktuur en geriewe.

3. SUBSIDIE

(1) Die munisipaliteit erken dat sommige lede van die gemeenskap in 'n beter posisie dan andere verkeer om te betaal vir en toegang te hê tot die dienste wat hulle gebruik. Die begroting van die munisipaliteit is gevolglik 'n belangrike meganisme om herverdeling in die gemeenskap te verseker en waar nodig sal subsidie van ander bronne gebruik word om aan hierdie herverdelingsoogmerk gevolg te gee.

(2) Gesubsideerde dienste is daardie dienste ten opsigte waarvan die tariewe wat vasgestel word nie al die koste vir die lewering daarvan reflekteer nie. Die dienste is dikwels suiwer regulerend van aard en enige verliese ten opsigte van sodanige dienste word finansier deur belasting en gesubsideerde inkomste.

(3) Tariewe vir die volgende dienste is niegenoegsaam om die koste vir die lewering van die dienste te verhaal nie en inkomste van belasting word gebruik vir finansiering daarvan-

(a) brandbestrydingsdienste;

(b) begraafplase en krematoria;

(c) plaaslike geriewe;

(d) plaaslike sportfasiliteite;

(e) markte; en

(f) snder dienste wat die munisipaliteit verplig word om te lewer.

4. GRAT/S BAS/ESE D/ENSTE

(1) Die munisipaliteit onderskryf 'n beleid waarvolgens elke persoon geregtig is op gratis dienste van 'n minimum vlak ten opsigte van bepaalde basiese dienste.

(2) 'n Basiese diens is 'n munisipale diens wat noodsaaklik is om aanvaarbare en redelike lewenskwaliteit te verseker en wat, indien dit nie verskaf word nie, openbare gesondheid of veiligheid, of die omgewing, in gevaar sal stel;

5. TARIEWE KOSTE-DOELTREFFEND TE WEES

(1) Die munisipaliteit onderneem om tariewe koste-doeltreffend te hou en sal verseker dat -

(a) dienste teen 'n aanvaarbare vlak gelewer word, en

(b) verbetering in doeltreffendheid op aile tereine in die munisipaliteit bevorder word.

(2) Die raad het 'n prestasiebestuurstelsel ingestel om te verseker dat pianne wat beraam is wei implimenteer word; dat hulpbronne so ekonomies moontlik bekom word, effektief en doeltreffend aangewend word en dat toepaslike diensleweringsmeganismes gebruik word.

(3) Enige nie-kern funksie wat die munisipaliteit tans verrig sal so spoedig moontlik uitfaseer word, sonder om die gemeenskap te ontneem van 'n diens wat bydra tot lewenskwaliteit.

(4) Dienste wat verskaf word terwyl daar nie 'n groot aanvraag daarvoor is nie, wat benede die werklike koste daarvoor gelewer word en wat vereis dat die munisipaliteit aansienlike infastruktuur en ander fasiliteite daarvoor in stand moet hou, sal uitfaseer word behalwe waar die munisipaliteit wetlik verplig is om dit te lewer.

(5) Die ekonomiese, effektiewe en doeltreffende gebruik van hulpbronne, die herwinning van afval, en ander toepaslike omgewingsoogmerke word aangemoedig en die raad sal toepaslike insentiewe oorweeg vir die bereiking van daardie doel;

(6) Die munisipaliteit kan verskillende vlakke van diens lewer en kan verskillende tariewe vir die verskillende vlakke bepaal.

(7) Wanneer tariewe bepaal word sal die vermoe van die verskillende kategorie van gebruikers in ag geneem word ten einde groei in die munisipale gebied te bevorder.

6. *VOLLEDIGE GEBRUIK VAN INKOMSTEBRONNE*

(1) Die munisipaliteit sal verseker dat waar moontlik tariewe ingestel sal word in gevalle waar daar onekonomiese tariewe (d.i, te laag in verhouding tot die koste om die betrokke diens te lewer) is of waar daar geen of net nomina1e tariewe is.

(2) Die munisipaliteit sal verseker dat-

(a) tariewe vir dienste jaarliks hersien word;

(b) tariefverhogings in ooreenstemming is met verhogings in die prys van goedere, materiaal en ander bronne wat bekom en gebruik word in die uitvoering van munisipale funksies; en

(c) die tarief vir 'n bepaalde diens bereken word op so 'n wyse dat dit aile toepaslike kostes insluit. Dit beteken dat 'n tarief vir 'n diens ten minste die kapitaalkoste en rente daarop moet insluit sowel as die koste om die diens te bestuur en te bedryf, en die koste vir herstel, onderhoud en vervanging van tasbare bates in die gebruik daarvan

7. *GEBRUIKER TE BETAAL VIR DIENSTE*

(1) Ondanks die munisipaliteit se verbintenis tot gratis basiese dienste, huldig die munisipaliteit die standpunt dat gebruikers van dienste moet betaal vir dit wat hulle gebruik. Waar dit wei moontlik is om die verbruik van dienste te meet sal die munisipaliteit meetstelsels aanbring.

(2) Aile huishoudelike gebruikers, met die uitsluiting van arm huishoudings, moet die volle bedrag betaal vir dienste gelewer.

9. KATEGORIË VAN GEBRUIKERS

(1) Kategorie gebruikers van ongesubsideerde dienste sluit die volgende in-

(a) huishoudelike gebruikers;

(b) sake gebruikers;

(c) nywerheidsgebruikers;

(d) landbougebruikers;

(e) landelike gebruikers;

(f) munisipale dienste;

(g) grootmaat gebruikers; en

(hI tvdellke gebruikers.

(2) (a) Die raad kan onderskei tussen tariewe vir gesubsideerde dienste soos bedoel in item 3.

(b) Kategorië gebruikers vir gesubsideerde dienste sluit die volgende in-

(i) Skole
(ii) Kerke
(iii) Arm hUishoudings
(iv) Geregistreerde welsynsorganisasies
(v) Nie-regeringsorganisasies goedgekeur deur die raad
(vi) Enige ander persoon of omanisasie *spesiaal deur die raad goedgekeur*

(3) Die munisipaliteit sal gelykheid binne elka kategorie verseker.

10. *REKENINGE EN OPTREDE IN GEVALLE VAN WANSETALING*

(1) Elektrisiteit word gemeet in eenhede (Kwh) en maksimum aanvraag (in KVA) en water in kiloliter. Die raad sal poog om 'n korrekte maandelikse rekening aan gebruikers te lewer deur meters maandeliks te lees.

(2) Gebruikers word aangeslaan slegs vir werklike gebruik. In gevalle waar, vanwee onvermydelike omstandighede, dit nie moontlik is om meters te lees nie sal 'n gemiddelde gebruik vir rekeningdoeleindes gebruik word en sal die nodige aanpassing in die volgende maand gedoen word.

(3) Streng aksie sal ingevolge die kredietbeheerbeleidverordening teen wanbetalers geneem word.

DEEL 2: ELEKTRISITEIT

11. BASIESE KOSTE

(1) Die raad mag In hefting vir basiese koste bepaal.

(2) Die raad kan tussen verskillende kategorie gebruikers onderskei.

12. TARIEWE

(1) Die raad kan die volgende tariewe hef-

(a) beskikbaarheidsgelde baseer op verbruik en kategorie gebruikers;

(b) gelde vir gebruik in KWH, onderskei tussen die verskillende kategorië gebruikers;

(c) gelde vir gebruik (per KVA aanvraag) buite spitsure.

(d) kostes vir hulpdienste insluitend die volgende -

(i) toets van meter;
(ii) spesiale lesings; en
(iii) aansluitings, afsnydings en heraansluitings.

(2) BTW is nie by die tariewe ingesluit nie en moet bygevoeg en gevorder word.

DEEL 3: WATER

13. BASIESE KOSTE

(1) Die raad mag In hefting vir basiese koste bepaal.

(2) Die raad kan tussen verskillende kategorie gebruikers onderskei.

14. TARIEWE

(1) Die raad kan die vogende tariewe hef-

(a) beskikbaarheidsgelde

(b) gelde vir gebruik per kL

(2) Die raad kan tussen verskillende kategorië gebruikers onderskei.

(3) BTW is nie by die tariewe ingesluit nie en moet bygevoeg en gevorder word.

DEEL 4: SANITASIE

15. BASIESE KOSTE

(1) Die raad mag 'n hefting vir basiese koste bepaal.

(2) Die raad kan tussen verskillende kategorie gebruikers onderskei.

18. TARIEWE

(1) Die raad kan beskikbaarheidsgelde hef.

(2) Die raad kan tussen verskillende kategorie gebruikers onderskei.

(3) BTW is nie by die tariewe ingesluit nie en moet bygevoeg en gevorder word.

19. GRATIS BASIESE DIENSTE

Die raad besluit jaartiks oor die vlak van gratis dienste ten opsigte van sanitasie per huishouding per maand.

DEEL 5: VULLISVERWYDERING

20. BASIESE KOSTE

(1) Die raad *mag* 'n hefting vir basiese koste bepaal.

(2) Die raad kan tussen verskillende kategorie gebruikers onderskei.

21. TARIEWE

(1) Die raad kan 'n tarief, baseer op die volgende, hef-

(a) die getal verwyderings;

(b) die gewig van 'n verwydering;

(c) die getal houers verwyder;

(d) die soort vullis; of

(e) enige ander faktor wat op die diens betrekking het.

(2) BTW is nie by die tariewe ingesluit nie en moet bygevoeg en gevorder word.

22. GRATIS BASIESE DIENSTE

Die raad besluit jaarliks oor die vlak van gratis dienste ten opsigte van vullisverwydering per huishouding per maand.